2026 Graad 12-leerders

Hierdie is julle geleentheid om julle drome te bewaarheid

Graad 12 is 'n uitdagende en veeleisende jaar vir leerders. Jy het bykomende ondersteuning en goeie advies nodig. Hierdie boekie poog om huidige graad 12-leerders te motiveer en aan te moedig deurdat hulle die suksesverhale lees van sommige van die leerders wat goed gevaar het in vorige Nasionale Senior Sertifikaat-eksamens. Hierdie leerders deel hulle verhale mee deur eers hulle agtergronde en die strategieë wat hulle gebruik het om goeie uitslae te verseker, te skets, en dan woorde van bemoediging en motivering te voorsien.

Daar word vertrou dat wanneer jy die verhale van hierdie suksesvolle NSS-kandidate lees, jy aangemoedig en oortuig sal word dat, ongeag die omstandighede en die uitdagings wat jy in die gesig staar, jy sukses kan behaal as jy harder en slimmer werk.

Lees en Leer

Die O-VLOK-H-metode om 'n handboek te bestudeer

Die O-VLOK-H -metode is 'n beproefde, stapsgewyse strategiese benadering om uit handboeke te leer. Waarom is dit suksesvol? Omdat dit jou help om die belangrike feite en idees in jou handboek te vind, en om daardie inligting te bemeester en te onthou sodat jy voorbereid is vir die eksamen.

O-VLOK-H is 'n afkorting wat jou help om die stappe te onthou en dit maak ook verwysings daarna makliker. Die letters dui die stappe wat gevolg word aan: (O = oorsig, V = vrae stel, L = lees, O = opsom/opskryf, K = kontrole, H = hersiening)

Indien hierdie ses stappe toegepas word, sal dit jou studietyd meer doelgerig en doeltreffend maak. Alhoewel dit tyd verg en ingeoefen moet word, sal dit nie meer nodig wees om hoofstukke in jou handboek oor en oor te lees indien jy die metode aangeleer het en kan toepas nie.

'n Verdere voordeel van die O-VLOK-H-metode is dat jy dikwels jou eie vrae oor 'n toets kan opstel. Omdat baie onderwysers die handboek as 'n oorsig van die vakinhoude gebruik, sal hul toetsvrae uit dieselfde bron kom as die een wat jy gebruik. As jy jou notas en tekste deurgaan, sal jy baie eksamenvrae kan voorspel en antwoorde daarop kan voorberei.

Hieronder volg 'n beskrywing van elk van die stappe:

1. OORSIG: (voor die les)

Hierdie oorsig behoort nie langer as 20 – 25 minute te duur nie, selfs vir die langste hoofstuk. Die doel van die hoofstuk-oorsig is om 'n geheelbeeld te kry waaroor dit handel, watter inligting die skrywer verskaf, in hoeveel sub-onderwerpe die inligting verdeel is en hoeveel tyd jy aan die lees daarvan sal bestee. Lees die volgende:

- Titel van die hoofstuk
- Inleiding
- Doelwitte
- Woordeskat
- Opsomming
- Hersieningsvrae
- Vetgedrukte opskrifte
- Grafika en byskrifte

4 strategies to master Reading with understanding https://goo.gl/LzegQI

2. VRA: (voor die les)

Verander elke vetgedrukte opskrif in 'n vraag deur een van die volgende woorde te gebruik: wie, wat, waar, wanneer, waarom of hoe.

- Die rede waarom 'n vraag uit elke opskrif geformuleer word, is om 'n doel te stel waarom die materiaal in meer besonderhede gelees moet word. Indien jy lees om 'n antwoord op 'n spesifieke vraag te kry, lees jy aktief.

3. LEES: (na die les)

Lees die gepaardgaande teks onder die opskrif aktief om 'n antwoord te kry op die vraag wat jy in Stap 2 gestel het. Die antwoord sal gewoonlik bestaan uit die hoofidee(s) en die ondersteunende idees van die paragraaf/ paragrawe.

Lees die gedeelte sodat jy die antwoord op jou vraag kan kry. Die rede waarom jy lees, is om die antwoord op jou vraag te kry.

4. OPSOM/ OPSKRYF: (na die les)

Hierdie stap behels dat jy die werk neerskryf. Jy kan 'n verskeidenheid opsommings volgens jou eie keuse maak:
Gewone manier: Trek 'n aantal kolomme vir die aantal hoofgedagtes wat jy het en plaas dan al die kernwoorde onder die betrokke ooreenstemmende hoofgedagte.
Vloeidiagram. Plaas die hoofgedagtes, verspreid onder mekaar, met lyne vanuit die hoofgedagte vir soveel kernwoorde (onder mekaar) as wat daar is.
Visualisering–"sien"/dink in prentjies. Gebruik 'n eenvoudige tekening/prentjie vir voorstelling, bv. roetine ****** (stel herhaling voor) Onthou: jy moet dit kan herroep. Kleur moet helder, kontrasterend en nie te veel wees nie.
Geheuekaart. Plaas die blad dwars voor jou. Skryf/teken die onderwerp in die middel. Gebruik verskillende kleure. Trek lyne wat die hoofgedagtes kloksgewys vorm. Gebruik drukskrif. Vanaf die hoofgedagtes se lyne trek lyne vir soveel kernwoorde as wat daar is. Skryf die woorde bo-op lyne sodat dit leesbaar is. Hoofgedagtes word in hoofletters geskryf en kernwoorde in klein letters. Trek 'n "wolk" om elke hoofgedagte, met sy kernwoorde. As jy iets wat jy gelees het, neerskryf, sal jou begrip en onthouvermoë verbeter.

5. KONTROLE: (voor die volgende les)

Maak seker daar ontbreek nie inligting in jou handboek of notas nie, want jy gaan hierna slegs jou opsommings gebruik om te leer.

6. HERSIEN (voor die volgende les)

Dit is die laaste stap waartydens jy gaan seker maak dat jy jou opsomming "in jou kop kry".

Hou jou antwoorde toe en stel dan die vrae aan jouself. Indien jy nie die vraag kan beantwoord nie, kyk weer na jou notas en toets jouself weer. Wanneer jy seker is dat jy die vraag en antwoord verstaan, kan jy dit afmerk.

Die doel van hersiening is om jou te help om vir die eintlike toets voor te berei.
Onthou dat baie min mense handboeke vir genot lees; handboeke word gelees om inligting te vekry en om daardie inligting te onthou en toe te pas. Hersiening help jou om die inligting te onthou.